

16 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 18:1-51

Fokusgedeelte: Psalm 18:7

My lewe is in helpende hande

Ons het hulp nodig om kragtig teen alle gevare en alle vyande te stry. In onself is ons hulpeloos om dodelike bedreiginge die hoof te bied. Hiervan getuig Psalm 18 waar Dawid aan die mag van talle vyande en die mag van Saul gedink het. Die bedreiginge was dodelik: "... strome van onheil het my verskrik ... strikke van die dood het my bedreig" (vs 5, 6). Sonder helpende hande het Dawid weerloos in sy stryd gestaan.

In sy nood het Dawid na God om hulp geroep. Biddend het hy aan sy onwrikbare vertroue in God as sy Redder uiting gegee. God het sy gebed in sy paleis verhoor en die oorwinning geskenk. In Psalm 18 bely Dawid in die beeld van 'n hand (vs 17) en 'n regterhand (vs 36) dat God hom gered en in sy stryd versterk het. God het die magtige vyand met skrikwekkende natuurrampe getref. Die regterhand van God, wat bo alle menslike mag uitgaan, het hom versterk en gehelp om die stramste boog te span.

Die lewe is vol stryd en bedreiginge op alle vlakke. Aan gevare en vyande, bedreiginge en verskrikkinge is ons oral blootgestel. Ons kan hiervoor nie wegvlug nie.

In die gesindheid van 'n hulpelose wat nie alleen die stryd kan stry nie, staan ek nie hulpeloos in die stryd nie. Ek is met die lewende God deur Christus as my Sterkte, my rots, my skuilplek en my redder verbind. In vertrouensvolle oorgawe aan Hom, is my lewe in die helpende hande van Hom wat my versterk. U sy die eer en roem en krag!

Sing: Psalm 18:1

Ds EJ Tiemensma (Kempton Park)